Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

JUNIE 2016

GESKIEDENIS V1
ADDENDUM

HISTA3

Hierdie addendum bestaan uit 11 bladsye.

VRAAG 1: HOE HET DIE ONTWIKKELING VAN NUWE AREAS VAN BELANG DIE KOUE OORLOG SPANNING TUSSEN DIE UNIE VAN DIE SOSIALISTIESE SOWJET REPUBLIEKE EN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA LAAT INTENSIFISEER NA 1945?

BRON 1A

Hierdie is ʼn uittreksel uit ʼn toespraak deur Stalin gedateer 9 Februarie 1946. Dit fokus op hoe die Koue Oorlog ontwikkel het uit die verskille wat na vore gekom het gedurende die Eerste Wêreldoorlog.

... Stalin het die eerste een in Moskou op 9 Februarie 1946 gelewer en hy het hierin na die basiese teruggegaan. Hy het Marx se verdoeming (kritiek) van kapitalisme vir die verspreiding van oneweredige rykdom herhaal. Hy het Lenin se aanspraak dat as gevolg daarvan, kapitaliste hulle tot oorlog teen mekaar sou wend herhaal. Hy het as resultaat tot die slotsom gekom dat vrede alleenlik sou gebeur wanneer kommunisme oor die hele wêreld triomfeer. Hy het beklemtoon dat die Sowjetunie se industrialisasie voor die Eerste Wêreldoorlog Rusland toegelaat het om te oorheers het in daardie konflik en hy het niks gesê van die bystand van die Verenigde State en Groot Brittanje nie. Ten slotte het hy ʼn oproep gemaak vir ewe moeilike opofferings van die Sowjet mense om te herstel van die skade wat die laaste oorlog teweeg gebring het en om voor te berei vir die volgende oorlog wat die teenstrydighede van kapitalisme sou bring.

[Geneem uit: *The Cold War* deur J L Gaddis]

BRON 1B

Die onderstaande bron is ʼn uittreksel uit Winston Churchill se *Iron Curtain* (Ystergordyn) toespraak op die 5de Maart 1946. Dit het gefokus op die spanning tussen die Kapitalistiese Weste en die Kommunistiese Ooste.

Winston Churchill, onlangs uit die kantoor, het die tweede toespraak in die onwaarskynlike (ongelooflike) omgewing van Foulton, Missouri, op 5 Maart gelewer met President Truman wat langs hom sit. In kenmerkende arrogante afgemete styl het die voormalige eerste minister gewaarsku:

“Vanaf Stettin in die Balkan tot Trieste in die Adriatiese, het ʼn ystergordyn oor die kontinent gesak. Agter daardie lyn lê al die hoofstede van die antieke state van Oos-Europa ... Al hierdie beroemde stede en inwoners om hulle ... is op een of ander manier onderwerp, nie net aan die Sowjet invloed nie, maar ook aan hoë en stygende druk van kontrole vanuit Moskou.

Die Russe wil nie oorlog hê nie het hy toegegee, maar hulle wil die “vrugte van die oorlog en die eindelose uitbreiding van hulle mag en hulle leerstellings hê ...”.

[Geneem uit *The Cold War* deur J L Gaddis]

Bron 1C

Die volgende uittreksel fokus op hoe die Verenigde State van Amerika gepoog het om die verspreiding van kommunisme te beheer deur finansiële bystand aan Europese lande onmiddellik na die Tweede Wêreldoorlog.

Die oplossing was daarin geleë om die boosaardige sirkel te verbreek en in die herstel van vertroue van die Europese mense in die ekonomiese toekoms van hulle eie lande en Europa as geheel. Van die vervaardiger tot die boer oor die hele spektrum moet toegang en gewilligheid hê om sy produkte te verruil vir ʼn geldeenheid waarvan die waarde vasgestel is.

Bo en behalwe die demoraliserend effek op die wêreld as sulks en die moontlikheid van die versteurings wat hieruit kan voortspruit as gevolg van die betrokke mense se desperasie, moet die konsekwentheid van die Verenigde State se ekonomie voor die handliggend wees vir almal. Dit is logies dat die Verenigde State alles in sy vermoë moet doen om bystand te verleen tot die normalisering van die wêreld se ekonomie, waarsonder politieke stabiliteit en ʼn besliste vrede, nie moontlik is nie. Ons beleid is nie gemik teen enige land of leerstelling (filosofie) nie maar teen hongersnood, armoede, desperasie en chaos. Dit moet ten doel hê die herlewing van ʼn werkende ekonomie in die wêreld met die doel om ʼn politieke en sosiale klimaat te skep waarin vrye instansies kan gedy. Sulke bystand, en daarvan is ek seker, moet nie, stuksgewys soos die krisis ontwikkel wees nie. Enige hulp wat hierdie Regering in die toekoms bied moet ʼn genesing eerder as verligting wees. Enige regering wat gewillig is om te help met hierdie taak van herstel sal volle ondersteuning kry; Ek is seker daarvan vanaf die kant van die Verenigde State. Enige regering wat probeer om die herstel van ʼn ander land te keer kan geen hulp van ons verwag nie. Verder regerings, politieke partye of groepe wat poog om menslike-ellende uit te byt vir politieke of eie gewin kan die teenkanting van die Verenigde State verwag ...

[Geneem uit *Congressional Record*, Junie 30 1947]

SOURCE 1D

Hierdie spotprent getitel '***Kan hy dit keer?'*** was geteken deur Edwin Marcus, 'n spotprentkunstenaar vir die *New York Times.* Dit toon Stalin wat probeer om 'n basketbal genaamd '**Marshall Plan**' in te keer om die mandjie genaamd '**Europese Herstel**' te bereik.



[Geneem uit: http/www.shs.wetport. Besoek op 14 Desember 2013]

VRAAG 2: HOEKOM HET KUBA BY DIE ANGLOLESE BURGEROORLOG BETROKKE GERAAK?

BRON 2A

Hierdie uittreksel is geneem uit ŉ onderhoud gevoer deur David Deutchmann met Jorge Risquet, ŉ lid van die Kubaanse regering. Risquet word gevra oor die betrokkenheid van die Kubane by die Angolese Burgeroorlog. Die onderhoud het plaasgevind voor die beëindiging van die Koue Oorlog en die Kubaanse onttrekking vanuit Angola.

Deutchmann: Daar word gesê dat die Kubaanse betrokkenheid in Angola uitbreiding (kolonialisasie) ten doel het, en dat Kuba opgetree het as ŉ marionet van die Sowjet-unie. Wat is jou reaksie daarop?

Risquet: Dit sal geen sin vir ons maak nie, ŉ klein landjie om te dink aan uitbreiding na Angola. Dit is absurd. Bewys daarvan is dat sodra ons teenwoordigheid nie meer benodig word nie sal ons onttrek. Wat die materiële belange betref is die enigste iets wat ons verwyder is die oorskot van ons soldate wat daar gesneuwel het. Ons wil niks van Angola se rykdom hê nie. Daardie rykdom behoort aan die mense van Angola om te gebruik vir hulle eie ontwikkeling, om ŉ genotvolle lewe te skep vir daardie dapper mense vir wie ons so lief is, ŉ nasie vir wie ons, ons bloed gestort het en met wie ons sy aan sy geveg het vir so lank.

Die stelling dat ons na Angola is onder Moskou se bevele is absurd. Dit was ŉ onafhanklike besluit wat gemaak is in antwoord op ŉ versoek van Agostinho Neto. Nie alleen was dit ons besluit nie, ons het dit nie eers met die Sowjet-unie bespreek nie. Daar was wel kommunikasie met die Sowjet-unie na ons reeds op pad was. Ons het die Sowjet-unie gevra vir logistieke steun vir ons troepe. Ons soldate het met hulle eie wapens gegaan, maar ons het ammunisie benodig. Hulle het ook meer wapens nodig gehad soos wat die oorlog feller geword het. Ons het gevra, en het uitgebreide ondersteuning van die Sowjet-unie ontvang. Die USSR, soos Kuba, is in solidariteit met Angola. Dit staan aan die kant van mense wat rassisme en kolonialisme beveg, en dit ondersteun die strewe na hulle vryheid.

BRON 2B

Hierdie uittreksel is geneem uit ʼn toespraak van Fidel Castro gelewer aan ʼn massa byeenkoms waar daar meer as ʼn miljoen Kubane in Havana byeen was op 22 Desember 1975. Castro verduidelik hoekom Kubaanse soldate na die nuwe onafhanklike Angola gestuur was om die MPLA te ondersteun.

Afrika bloed vloei vrylik deur ons are. Baie van ons voorvaders het van Afrika as slawe gekom. As slawe het hulle swaar gekry. Hulle het geveg as deel van die bevrydingsmag van Kuba. Ons is broers en susters van die mense van Afrika en ons is gereed om namens hulle te veg.

Rassediskriminasie het in ons land bestaan. Is daar iemand wat dit nie weet nie, wie kan dit nie onthou nie? Menige publiek parke het afsonderlike paaie gehad vir swart en wit. Is daar enige iemand wat nie kan onthou dat afstammelinge van Afrika verbied was in baie plekke, uit skole en ontspanningsgeriewe?

En vandag, wie is die verteenwoordigers, die simbole van die mees haatlike en onmenslike vorm van rassediskriminasie? Die Suid-Afrikaanse fasciste en rassiste. En Yankee (Amerikaanse) imperialisme, om Angola se onafhanklikheid te onderdruk, sonder enige gewetensbeswaar, het Suid-Afrikaanse huursoldate gestuur om Angola se onafhanklikheid te onderdruk en is nou briesend oor ons hulp aan Angola, ons ondersteuning vir Afrika en ons verdediging van Afrika. Om te hou by ons plig gewortel in ons beginsels, ons ideologie, ons verbintenis en ons eie bloed, ons sal Angola en Afrika verdedig! ...

Laat die Suid-Afrikaanse rassiste en die Yankee imperialiste gewaarsku wees. Ons is deel van die wêreld rewolusionêre beweging en is in Afrika se stryd teen rassiste en imperialiste, ons staan sonder aarseling sy aan sy met die mense van Angola!

[From: *Cuba and Angola. Fighting for Africa's Freedom and our Own* (Pathfinders, 2013). Bl. 31

BRON 2C

Hierdie is ʼn gedeelte van ʼn onderhoud wat gevoer was met die voormalige Eerste Minister van Suid-Afrika BJ Vorster deur Clarence Rhodes van UPTIN-TV (United Press International Television News) op 13 Februarie 1976.

Rhodes: President Kaunda van Zambië het die ingryping van die Soviet en Kuba in Angola beskryf. Ek dink die aanhaling is "ʼn plunderende (stelende) tier en sy dodelike welpie". ... Sou jy sê dat dit ʼn groter bedreiging inhou as die totstandkoming van nog ʼn onafhanklike swart Afrika nasie op Suid-Afrika se grense?

Eerste minister Vorster: Ja, want hier het jy nie ʼn onafhanklike swart Afrika staat wat op Suid-Afrika se grense ontstaan nie. Hier het jy ʻ Kubaanse mag van duisende – geraam op hierdie stadium van tussen 10 en 13 duisend – wat deelneem aan ʼn burgeroorlog in Suidelike Afrika en as dit die einde daarvan sou wees kon ʼn mens maar skouers opgehaal het en gesê het, goed, hulle sal môre weer teruggaan. Maar met kennis van die Sowjette en die Kubane, is daar niemand wat op hierdie stadium vir jou sal kan sê hulle gaan huis toe sodra hulle die MPLA in beheer geplaas het nie. Ek dink ʼn mens moet aanneem hulle is hier om te bly en ek dink dit moet aanvaar word dat in so verre as wat hulle gedestabiliseer het, of ten minste in so verre hulle probeer om te destabiliseer (kommunisme te versprei) in Angola, sal hulle probeer om ander Suider Afrikaanse state omver te werp.

Want en maak geen fout daaromtrent ... wêreld-dominansie was nog altyd en is tot vandag toe nog die doelwit van die kommunis. En ek myself glo ... hulle berei hulle self voor vir daardie konvensionele oorlog. Kyk na hulle konvensionele wapentuig in vergeleke met dit van die vrye wêreld, van Westerse nasies ... as hulle die suidelike punt van Afrika kan beheer sou hulle ʼn geweldige voorsprong in enige konvensionele oorlog hê; bo en behalwe die rou materiaal wat hulle in Angola en ander Suider Afrika state kan kry, sal hulle die Kaapse seeroete beheer en dit is die lewensaar van Europa.

[Bron: http://www.sahistory.org.za/archive/interview-south-african -prime-minister-mr-b-j-vorster-mrclarencs-rhodes-uptin-tv-13-february. Besoek op 13 Mei 2013]

BRON 2D

'n Spotprent geteken deur 'n Suid-Afrikaner, Fred Mouton, wat in *Die Burger, 1976* gepubliseer was. Die Burger was destyds sterk geassosieer met die Nasionale Party regering in Suid-Afrika. Die spotprent toon 'n groot hand wat as afskud in 'n asbak wat in die vorm van Afrika geteken is.



VRAAG 3: WAT WAS DIE BETEKENIS VAN DIE LITTLE ROCK NEGE IN DIE STRYD OM DIE DESEGREGRASIE VAN SKOLE IN DIE VSA?

BRON 3A

Hierdie is ŉ uittreksel wat die voorvalle om die Little Rock Nege Hoërskool beskryf toe nege Afro-Amerikaanse studente vir die eerste keer die skool betree het.

Met die aanvang van skool, het die versigtig gekeurde Afro-Amerikaanse studente by Central Hoërskool, van die stad verskyn onder toesig van vier wit ministers was hulle weggewys deur die Nasionale Garde wat deur Goewerneur Faubus ingeroep was. ŉ Skare was teenwoordig op hierdie en die daaropvolgende dae.

In opvolg hiervan het die President die Nasionale Garde laat sentraliseer en dit van die skool af laat wegroep. Op Maandag 23 September 1957 het die Afro-Amerikaanse studente terug gekeer na die skool nadat burgemeester Mann laat weet het dat hy met die plaaslike polisie gereël het om die situasie te beheer. Daar is talle aanduidings dat die polisie die situasie baie sagkuns (stil en gehoorsaam) en met ŉ goedgeaarde wyse hanteer het op die oggend van die 22ste wat gelei het tot die ernstige aanval op vier swart joernaliste en fotograwe. Die nege Afro-Amerikaanse studente was na die skool geneem deur ŉ sy-ingang, maar met die rasende skare plus die onverskillige houding van die polisie om die skare uiteen te jaag het die burgemeester dit nodig laat vind om die nege Afro-Amerikaanse kinders te laat verwyder met polisie-begeleiding kort na middag. Op Maandag die 23ste het die President sy bevel "staak dit en skei uit" gegee en op Dinsdag oggend was daar geen poging van die Afro-Amerikaanse kinders om skool toe te gaan nie en ten spyte van die President se bevele het die massa weer vergader.

[Geneem uit: *Martin Luther King, Jr papers project*]

BRON 3B

Hierdie is ŉ telegram aan President Dwight Eisenhower geskryf deur Martin Luther King op 25 September 1957.

Geagte President

Ek wil graag my opregte dank uitspreek ten opsigte van die standpunt wat u ingeneem het deur wet en orde in Little Rock Arkansas te herstel. Op die lange duur sal geregtigheid vanuit ŉ nuwe morele klimaat moet kom. Tog kan geestelike magte nie vanuit ŉ situasie van gepeupel aggressie kom nie. U moet weet dat die oorgrote meerderheid van Suidelike, Neger en wit, staan bankvas agter u vasberade aksie.

Die pen van geskiedenis sal aanteken dat die klein en misleide minderheid wat integrasie met geweld teengestaan het sal moet sien dat u aksie tot groot voordeel van ons nasie asook Christelike waardes van regverdigheid en broederskap was.

[Geneem uit: *Martin Luther King se junior projek]*

SOURCE 3C

Hierdie is ŉ foto wat die polisie se optrede by Central Hoërskool weergee.

[Geneem uit: http://ic.galegroup.com.]

ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

astro.template.edu/vyshinsky-speech

http://ic.galegroup.com

http://www.learningcurve.gov.uk/coldwar/G3/cs3/s1.htm

http://www.mconway.net/page20/files/12388

http;www.sahistory.org

Labuschagne B.2009. *South Africa's intervention in Angola*.

Martin Luther King, Jr Papers Project.

Pambazuka News .2008. Number 377.

Pillay G, et al. 2013. New Generation History. New Generation Publishers.

Ruz (02-12-2005).htm

www.marshallfoundation.org

Kopiereg voorbehou